# Al Psalmend

## WEEK VIER: DEEL I

---

‘n Psalm is
die seën vir mense en die lof aan God,
die woorde van elke mens en die stem van die kerk,
die beroep op geloof en die gesagvolle toewyding,
die vreugde van vryheid en die klank van blymoedigheid,
asook die eggo van vreugde.

‘n Psalm ...
versag woede en gee vryheid van angs
dit verlig verdriet;
is beskerming in die nag en riglyne in die dag,
'n skild in tye van vrees, 'n fees van heiligheid,
die beeld van rustigheid
en 'n belofte van vrede en harmonie.

Bruce Benedict

## HET JY GEWEET

## Die 5 Psalmboeke stem met die 5 boeke van Moses ooreen:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Genesis | Die skeppingsverhale (vgl 1:1, 8:4 en 39:5) | Boek 1 | Ps 1-41 |
| Eksodus | Israel se verlossing (vgl 44:4; 54:7, 72:12) | Boek 2 | Ps 42-72 |
| Levitikus | Aanbidding in God se heiligdom (vgl 73:3, 17) | Boek 3 | 73-89 |
| Numeri | Die omswerwinge en onrustigheid van die mens (vgl Ps 90 en 106) | Boek 4 | Ps 90- 106 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Deuteronomium | Die woord/wet van God en lof aan God<br>(vgl 130:5 en Ps 119) | Boek 5 | Ps107- 150 |

## 'n Paar interessante feite:

| | |
|---|---|
| Psalm 88 | is die enigste psalm wat geen uitspraak van hoop of lof vir God bevat nie. Dit word die "Donker Psalm" genoem. |
| Psalm 90 | is waarskynlik die oudste psalm. As dit wel deur Moses geskryf is, dateer dit uit ongeveer 1450-1400 vC. |
| Psalm 117 | is die kortste hoofstuk in die Bybel – net 2 verse |
| Psalm 118:8 | iIs die middelste vers in die Bybel:<br>*Om by die Here te skuil, is beter as om op mense te vertrou.* |
| Psalm 119 | is die langste hoofstuk in die Bybel – 176 verse<br>Dit bestaan uit 22 paragrawe x 9 reëls = 176 verse |
| Psalm 151 | verskyn in die Griekse vertaling van die psalms (dit word die Septuagint genoem). Hierdie psalm is geskryf deur Dawid (of vir Dawid) nadat hy Goliat verslaan het. |
| Die langste boek in die Ou Test? | Nee, die Psalms is nie die langste boek in die Bybel nie, al is daar 150 "hoofstukke". Jeremia is die langste boek (ongeveer 3000 woorde meer as Psalms) en Genesis het ongeveer 2000 woorde meer as die Psalms. |

Wat ons reeds herhaaldelik in die vorige weke gesien het, is die **prominente rol van musiek** in die digkuns van die psalms. Thomas Merton het gesê dat *musiek en kuns en poësie* – dus ook die Psalms - *ons siel by God se hart laat aanpas*. Hy het dit so raak beskryf:

*Die eerste stap is dat ons alles moet afleer*

*wat ons sintuie ons verkeerd hoor en voel en sien en dink oor die lewe.*
*Algaande moet ons dan die regte manier van dink en doen;*
*proe en voel; kyk en hoor aanleer*.

Deur die eeue is pelgrimstogte gesien as een van die geloofsdissiplines wat mense juis kon help om wat sleg is af te leer en wat goed is aan te leer.

Pelgrimstogte is baie selde kort afstande wat geloop word; daar is dus baie tyd vir reflekteer en verander.

## PELGRIMSTOGTE AS 'N GELOOFSDISSIPLINE

*Pelgrimstogte is 'n reis nader na die hart van God*
*en dieper in 'n lewe saam met God.*
*Die hoop vir alle pelgrimstogte is om verras te word*
*deur God se misterieuse teenwoordigheid*
*te alle tye en op alle plekke, selfs by die huis.*
*Eric Howell*

*Die dissipline van pelgrimstogte herinner ons om stadiger te leef*
*en die lewe een tree op 'n slag te loop.*
*Dit herinner ons dat die lewe 'n emosionele, fisiese en geestelike reis*
*is wat van ons vra om opwaarts en inwaarts te kyk.*
*Dit begelei ons wég van valse sekerheid na afhanklikheid;*
*wég van ons vertoon van selfversekerdheid*
*na die erkenning van ons broosheid,*
*van bravade na geloof in God.*
*Christian George.*

Die Ou Testament vertel pragtige (en hartseer) stories van 'n volk wat eintlik genoem kon word "'n Volk op reis". Reisend deur die woestyn na die Beloofde Land; reisend terug uit ballingskap; eers in Assirië en later uit Babel; maar ok 'n groep, reisend op weg na Jerusalem. Dit is juis op hierdie pelgrismtogte dat hulle ook gekenmerk is as 'n singende volk.

Soms singend aan klaagliedere, soms singend aan lofliedere. Maar al psalmend, al singend...

## PELGRIMSLIEDERE

In al drie Abrahamitiese tradisies is sulke geloofreise deur die eeue baie hoog geag. In die Islam tradisie is daar 'n jaarlikse *hadj* (die geloofsreis na Mekka); in die Joodse tradisie is daar tot vandag drie belangrike feesgeleenthede wanneer gelowiges Jerusalem toe gaan. Onder christene is dit veral in die katolieke tradisie waar mense ook tydens spesiale geleenthede soos Paasfees pelgrimstogte onderneem, bv na Lourdes, Taizé of die Vatikaanstad. (Deesdae is die pelgrimstaptogte, bv die Compastelo de Santiago, vir alle christene 'n aantrekkingskrag – aan die onderkant van die deel is daar 'n verwysing na 'n goeie video wat jou 'n "visuele saamloop" op die Camino gee).

Anders as vandag was pelgrimsreise nie "opsioneel" nie; in die Ou Testamentiese tyd lees ons hoe toegewyd die gelowiges hul jaarlikse besoeke na Jerusalem nagekom het. In Lukas 2:41 e.v. lees ons hoe Jesus se familie die geloofsgewoonte van pelgrimsreise ook stiptelike gevolg het. Dit is dus vanselfsprekend dat ons nie net die pelgrimsliedere wil bestudeer omdat dit vir ons interessant is nie; dit is veel belangriker: dit is liedere wat Jesus, as 'n kind en ook later as 'n volwasse man gesing het.

## Biddend voort

Na die langasem van Psalm 119 is daar 15 korterige liedere wat spesifiek gesing was tydens pelgrimstogte.

In die 1953-vertaling is die woord in die opskrif van die psalms nie "pelgrimsliedere" nie, maar wel "*bedevaartsliedere*". Die bedoeling van die woord is dat die pelgrim **biddend (**vandaar die "**bede**") **op hul tog ("vaart"/"voort")** gesing het.

In Engels praat ons van "*songs of ascent*". Die woordjie "opgaan" laat 'n mens dadelik aan Jakob se droom dink waar die engele op en af beweeg het op trappies van die leer.

Uit die vroeë kerkgeskiedenis het christene geglo dat hierdie psalms direk met die storie van Jakob te make het. Volgens hulle was ons lewe as christene "al meer opwaarts" soos ons ook die "trappies" klim. Dit is een van die kenmerke wat baie mense met die psalminterpretasies maak: dit word vergeestelik.

Natuurlik het elke psalm vir ons 'n persoonlike spirituele betekenis, máár ons doen die teks 'n onreg aan as ons nie minstens eers probeer verstaan waarom die skrywers dit geskryf het, voordat ons dit spiritueel interpreteer. Soos Eugene Peterson dit stel:

> *Die psalms is uitstekende poësie en het behoue gebly, nie omdat dit aanklank in ons fantasieë en ons wense vind nie, maar omdat dit die intensiteit van rou eerlike menswees, met lewens midde gevaar, verwoord.*

## Agtergrond van pelgrimsliedere

Jerusalem is op heuwels gebou. Ons almal onthou hoe mooi die psalmis dit beskryf in Ps 125:2:

*Rondom Jerusalem is berge;*
*so is die HERE rondom sy volk van nou af tot in ewigheid*.

Die bestemming van elke reisiger was die tempel - waar die offers gebring word. Om die tempel te bereik moes mense die trappies daarheen klim. Sommige teoloë glo dat hierdie liedere deur die volk gesing is terwyl hulle – al opstappend met die 15 trappies – die terrein van die tempel betree het. Wat hierdie standpunt so aantreklik maak, is dat die **15 pelgrimsliedere die 15 trappies simboliseer**: 'n lied per trappie (vandaar ook die kort "koortjie"). Dit klink na 'n baie mooi verduideliking, maar dit is waarskynlik nie waarom die psalms geskryf is nie. Die kans is groter dat dit as "reisigers"-psalms bedoel is, wat oppad Jerusalem toe, gesing is; en nie as "besoeker"-psalms wat reeds hulle bestemming bereik het. Vandaar dan ook die verandering van die naam "bedevaartspsalms" na "pelgrimspsalms". Elke besoeker wat na Jerusalem toe moes gaan, moes deur die berge loop; dan van onder af moes hulle weer heuwel op. Dit is waarskynlik eerder waarop die "opgaan" dui.

Uit die psalms (bv Psalm 126) weet ons dat dit ook "terugblik-psalms" was. Dit word soms as "**historiese psalms**" beskryf, wat veral die herinnering van die ballingskap herroep. Soortgelyke liedere is gesing nadat mense, na jare van ballingskap, kon terugkeer na Jerusalem. Jy kan jou indink hoe hierdie "vervreemdes" dan, met baie trane, hul eerste besoek aan Jerusalem aan hierdie liedere gesing het, hoe nader hulle aan die Sionsberg – waarop die tempel gebou is - gekom het.

Dan kan 'n mens hierdie psalms eintlik as "dankbaarheidsliedere-met-'n-traan" beskryf. Dit is soos iemand wat terugkeer huistoe, maar wat ook nie kan vergeet in watter omstandighede dit nou plaasvind nie. Wat alles prysgegee is en die herinnering aan soveel wat langs die pad gesterf het om te kom waar hulle nou is.

## 'n OEFENING:

Aldus Kerkvader Ambrosius is die Psalms "*die siel se gimnasium*".

Laat ons bietjie "oefeninge" doen: Blaai in die volgende dae rustig deur die 15 psalms. Kyk of jy uit elk van die psalms kan onderskei

- wat oor God gesê word;
- onder watter omstandighede die lied gesing is;
- wat die hartstoestand van die digter was;
- watter verwagting die volk gehad het terwyl hulle gesing het.

Watter pelgrimslied verwoord jou emosies wat jy in die afgelope tyd gevoel het die beste?

Kan jy, aan die hand van die psalm wat jou aanspreek, jou eie pelgrimslied (-gebed) skryf. Hou dit ook so kort as moontlik dat jy dit selfs kan memoriseer.

Daar is baie redes waarom die meeste van ons nooit 'n pelgrimstog kan onderneem nie. Dit is ook nie nodig nie. Elke dag is jy reeds op jou eie ewensreis. Lees weer die twee aanhalings aan die begin van die hoofstuk. Jy kan nou reeds elke voetstap van jou jou pelgrimslied sing.

Sou jy 'n entjie kon gaan stap, stadig en bewustelik, terwyl jy, soos jy

stap op elke tree jou eie geskrewe gebed kan opsê. Dit kan 'n geloofsgewoonte wees wat jy byvoorbeeld inoefen vandat jy uit jou motor klim totdat jy in 'n winkel instap.

Elke tree wat jy in jou lewe gee, is mos in werklikheid 'n tree nader aan "die Nuwe Jerusalem" wat ook vir ons wag.

Luister gerus na die besondere toonsetting wat Petronel Baard spesiaal vir die Al Psalmend-reeks gedoen het oor Psalm 121: Willem, sal jy die skakel hier insit asb.

## VERDERE BRONNE WAT JOU MET PELGRIMSPSALMS KAN HELP:

### LEESSTOF:

- 'n Blad wat die eienskappe van die pelgrimsliedere baie goed saamvat is by: https://psaltermark.com/2013/08/11/psalms-of-ascents-psalms-120-134/
- 'n Baie goeie opsomming wat elke Psalm afsonderlik hanteer kan jy hier lees: https://greenleycommentary.wordpress.com/2009/06/05/psalms-120-134/
- Nog 'n blad wat oor die verskillende tipe Psalms skryf, ook oor die pelgrimspsalms. Daar is ook 2 videos om na te kyk aan die onderkant van die webbladsy: https://1stpres.com/psalms/

### POWERPOINT:

- Kyk gerus na hierdie powerpoint-aanbieding oor die pelgrimspsalms: https://www.slideserve.com/adam-rivera/psalms-of-ascents

### KOORMUSIEK:

- Vir koormusiekliefhebbers: Die komponis, Shawn Kirchner, het ‘n groot Koorstuk gekomponeer, genoem “Songs of Ascent”. Hier vertel hy hoe die liedere geïnspireer is deur sy ouma se liefde vir die pelgrimsliedere.
  https://www.youtube.com/watch?v=MM2upqx7jA0
  en ook https://www.youtube.com/watch?v=MM2upqx7jA0

  NOG OOR DIE PELGRIMSTOGTE*:*

  ‘n Voorskou van ‘n Australiese dokumenter oor die Camino in Spanje: https://cinemaaustralia.com.au/2019/05/24/new-australian-documentary-explores-life-love-and-loss-on-the-camino-de-santiago

  As jy onbeperkte data het, is hierdie ‘n lieflike video om na te kyk: dit is ‘n reis tussen Nederland en Jerusalem terwyl die pelgrimsliedere voorgelees word uit die King James vertaling.
  https://www.youtube.com/watch?v=U552D8STwok

## DIE SIKLUSSE VAN DIE LEWE IN DIE PSALMS

Daar is waarskynlik nie ‘n ander teoloog wat die 21ste eeuse gelowige se verstaan van die psalms so beïnvloed soos die wêreld se voorste Ou Testamentikus, Walter Brueggemann, nie.

Ek het doelbewus twee teoloë se standpunte tot die twee dele van week 4 “gebêre”. Dit was in die eerste drie weke nodig om eers ‘n oorsig (ten dele) oor die psalms as gedigte te gee. Alhoewel dit onmoontlik is om elke psalm deeglik te bestudeer (dit sal ‘n goeie jaar neem!) het ek probeer om by die tipe psalms uit te kom waaroor ons gewoonlik wonder. Die grootste gros val seker in die klaag- en wraakpsalms. Naas vandag se pelgrimspsalms het die akroestiese psalms en die skeppingspsalms ook aan die beurt gekom.

Maar, met – hopelik – ‘n helderder verstaan van die psalms as antieke tekse, is dit nou nodig om ook vanuit die 21ste eeuse perspektief, na die psalms te kyk. Wat ons altyd onthou is dat elke teoloog, ook die toekomstiges, met hul voete stewig staan op die skouers van 2 000 jaar se geloofsvoorouers wat reeds hulle gedagtes oor die psalms gegee het.

## Die Spiritualiteit van die Psalms

*’n Verhouding met God maak ons nie immuun teen die verrassings en die swaarkry in ons daaglikse lewens nie.*

______________

*Baie gelowiges glo dat geloof nie negatiwiteit nie erken mag word nie, wat nog van omhels word.*

______________

*Twee realiteite in mense se lewens is belangrik:*
*a) die onwilligheid om die wêreld soos ons dit geken het agter te laat en b) die vermoë om ‘n nuwe wêreld wat voor ons lê te omhels.*

Walter Brueggemann,

Kan ek die onmoontlike probeer doen om vir jou in ‘n enkele paragraaf op te som wat die inhoud is van die lewenswerk van ‘n student van die Ou Testament: as jy mooi kyk na al 150 psalms (en na die hele Ou Testament), sal jy agterkom dat daar **dwarsdeur die psalms gesprekke is oor die “geloofseisoene” wat élke gelowige – herhaaldelik – hulself in bevind. Die psalms help ons om met geloof deur elke fase van ons lewe te beweeg, wetend daar gaan weer ‘n volgende fase aanbreek. Hierdie fases reflekteer, so verduidelik WB:**

***die siklus van die kruisiging en die opstanding*.**

As ons dit verstaan, dan verstaan ons die psalms ... en ook ons eie lewens!

WB sê, as 'n mens na **Fil 2:5-11** kyk, dan sien jy die beweging van die seisoene wat Jesus moes deurgaan, dwarsdeur die psalms (en dwarsdeur ons lewens).

Hy sê daar is drie bewegings in ons geloofslewe (-net om myself te herhaal: hierdie drie bewegings is ook sigbaar in die ganse bybel ... omdat dit oor menselewens gaan ... maar dit is veral ook in Jesus se lewe sigbaar). Hy sê ons moet aan drie fases – of plekke waarin ons onsself bevind – dink. Die drie plekke is:

a) die plek van oriëtasie (waar alles vir ons sin maak)

b) die plek van disoriëntasie (waar dit voel asof ons tot diep onder in 'n put geval het), en

c) 'n plek van nuwe oriëntasie/re-oriëntasie (waar ons besef dat God ons uitgelig het ons in 'n plek geplaas het waar ons weer met dankbaarheid en lof kan leef.

**Ons het 'n ROLMODEL wat vooraf illustreer hoe hierdie fases in iemand se lewe lyk: Fil 2:5-11**

As jy die gedeelte deurlees, dan sal jy self die drie fases van Jesus se hele lewe hierin kan vind. Ek merk dit vir jou sodat jy dit sien:

'N PLEK VAN ORIËNTASIE: Hy wat in die gestalte van God was

'N PLEK VAN DIS-ORIËNTASIE Hy het Homself verneder

'N PLEK VAN RE-ORIËNTASIE: God het hom verhef ...

By https://www.stevethomason.net/2015/07/05/a-doodle-for-psalms-orientation-disorientation-reorientation/ kry jy 'n goeie visuele voorstelling van hoe die verskillende plekke in ons lewens daar uitsien

.

## AS JY VAN FASE 1 NA FASE 2 BEWEEG:

Wanneer 'n mens (jy en ek ook) beweeg na disoriëntasie dan val jou hele wêreld inmekaar. Dink maar hoe voel 'n mens as iemand onverwags sterf of uit jou lewe beweeg. Dit is nie net dood en groot teleurstelling nie; dit kan siekte wees; dit kan geweld wees wat jy aan jou lyf voel. Somtyds is geweld so oorheersend in jou omgewing dat dit jou as individu dwing na

disoriëntasie toe.  Soms kan 'n hele gemeenskap na disoriëntasie beweeg (soos wat ons waarskynlik op die oomblik self ook beleef).

Wat hoor ons in 'n tyd van disoriëntasie?  Alles is gedoem tot mislukking; daar is geen uitkoms nie; dit is nou net afdraande pad; ons het nou so ver teruggesak dat ons nooit uit hierdie "gemors" gaan kom nie.

Dit is hoe die dissipels na Jesus se kruisiging moes gevoel het.

Daar is 'n baie goeie rede waarom God ons toelaat om tussen hierdie drie fases te beweeg:  die gevoel van "buite-beheer-wees" (disoriëntasie) is 'n voorvereiste vir ons om al meer getransformeer (re-oriëntasie) te word. As dit byvoorbeeld van die dissipels afgehang het, het hulle gehoop dat hulle vanuit oriëntasie ('n lewe saam met Jesus) na re-oriëntasie kon beweeg (want dit is wat hulle van die Messias verwag het).  Na Jesus se dood het hulle gaan wegkruip, maar die wegkruip sou hulle nooit Jesus se woorde - dat hulle "moet heengaan en dissipels maak" – laat realiseer nie.  So wat gebeur?  Hulle word deur vervolging gedwing om uit Jerusalem te gaan.  So ontdek hulle vanuit die realiteit van 'n diep verlies (Jesus se dood) die ongelooflike geskenk van die uitstorting van die Heilige Gees.

Presies hierdie bewegings is in die psalms te sien.  Jy kry die NEGATIEWE PSALMS wat geleidelik (veral deur skuldbelydenis ... wat eintlik net 'n "tot insig kom" beteken) oorbeweeg na 'n nuwe verstaan van hulle geloof in God.

Hier is Brueggemann se belangrike punt:  **DIE PSALMS IS 'N BOEK VAN HOOP!**  Daar is tye van "goedgaan", maar daar is ook ritmes van ongerief; pynlike toestande; en dan is daar die verrassings van nuwe insig.  Dit is hoe ons groei.

Ons sou die verskillende tipe psalms dus so kon indeel:

## ALLES IS GOED (GOD OOK)

<u>die skeppingspsalms</u>:  ons plek van tuiste waarin ons veilig voel omdat God inbeheer is; daar is vir ons 'n spesifieke plek, en alles verloop glad en ongekompliseer

<u>die wysheidspsalms</u>:  as ons hiervolgens leef en die wet van God nakom, dan is ons "gelukkige" mense.

<u>die psalms van vertroue</u>:  ons weet dat God vir ons goed is en dit God "op die uitkyk" is vir ons.

* die manier hoe ons oor God praat/dink in die fase: ons ken en verstaan God. Ons geloof is "sterk" omdat alles is soos wat ons dink dit behoort te wees.

## DIE LEWE IS NIE MEER DIESELFDE NIE

<u>die klaag- en vloekpsalms</u>: wat ons help om elke moontlike gevoel van frustrasie te mag verwoord; ook die gevoel dat God afwesig is en ons aan onsself oorlaat; die storms wat om ons losgebars het maak ons weerloos en onseker.

<u>die skuldbelydenispsalms</u>: waarin ons eie aanddeel in die gesig moet staar;

* die manier hoe ons oor God hier praat/dink: ons wonder wie God is, waar is God, hoe kan God toelaat dat ons in hierdie plek is; wat ons geglo het maak nie meer sin nie; ons verstaan nou niks.

Die een ding wat ons in die fase van disoriëntasie ontdek, is dat die lewe nie so eenvoudig is soos in die fase van oriëntasie nie. Die lewe is inderdaad ongeballanseerd en bevoordeel sekeres ten koste van andere. Die een ding wat christene nie kan doen nie, is om te sê dat dit "nou maar is soos dit is" nie. Christene verteenwoordig juis 'n "alternatief" vir die brutaliteit van die lewe.

Die donker psalms dwing diegene wat in die "alles is goed"-fase van hul lewe is, om vanuit die perspektief te kyk van hulle wat op hierdie oomblik die donkerte van 'n put moet aanskou.

## DAAR IS TOG 'N NUWE KANS

<u>die dankpsalms</u>: iets nuuts het opgedaag, ten spyte van ons donker gemoed;

<u>die lofpsalms</u>: daarom kan ons God nuut leer ken, en ook God loof vir wie God vir ons is;

<u>die Sionspsalms</u>: ons het 'n plek, daar waar God woon;

Koningspsalms: waar God ons anders oor leierskap en politiek en magspeletjies laat dink

<u>die verbondspsalms</u>: waar ons kans kry om onsself weer van vooraf aan God toe te wy.

'n OEFENING

Die Hervormer, Johannes Calvyn, het gesê dat as jy iets van jouself wil verstaan moet jy die psalms lees. Hy het die psalms "die anatomie van die siel" genoem.

Dit is soms nodig om diep te gaan grawe in die siel. 'n Ander kerkvader uit die 13de eeu, Meister Eckhardt, het gesê as jy jou "ware" self ontdek, dan ontdek jy vir God. Want jou "ware self" is die beeld van God.

Ek nooi jou uit om introspeksie oor jou lewe te doen n.a.v. die siklusse van die lewe wat die psalmsdigters so goed geken het. As jy dit betekenisvol wil doen, moedig ek jou aan om genoeg tyd hieraan te spandeer.

Wanneer het jy jouself so volkome in die **plek van oriëntasie** bevind dat alles vir jou in harmonie geval het met mekaar. Waar jy werklik kan sê daar is geen onrus in jou siel nie; jy is volkome tuis in die plek/fase waar jy tans is. Die woord waarmee jy jouself mee kan versoen is "volkome tevredenheid".
Hoe het jy tot die plek gekom waar jy tot rus was en die lewe vir jou goed en reg was?

'n Baie goeie voorbeeld van 'n psalm van oriëntasie is Psalm 100.

Die **fase van disoriëntasie** kan lank wees, of die intensiteit daarvan kan net so erg wees, al is dit kort.
As jy nie nou daarin was nie; kan jy terugdink aan 'n tyd waar jy werklik "diep in die put van donkerte" gesit het?
Kan jy onthou hoe jy gevoel het? Wat was jou belewenis in daardie tyd van God? Hoe het jy mense om jou beleef? Kon jy eerlik met mense daaroor gesels? Was daar belewenisse van wanhoop? Het jou geloof verander in daardie tyd? Watter tipe taal het jy in daardie tyd gebruik? Was daar mense vir wie jy kwaad was? Was jy kwaad vir God?

Dink diep hieroor na? As jy nou met God oor daardie tyd praat, wat sal jy sê.

'n Baie goeie voorbeeld van 'n psalm van disoriëntasie is Psalm 22.

Die plek van reoriëntasie laat 'n mens soms broos voel, want daar is 'n nuwe vreugde in jou wat jou bykans sprakeloos laat. Dit is die fase waar jy nuwe dinge van jouself kon leer ken? Wanneer laas was jy in hierdie fase dat jy nuwe insig oor God en God se plan vir jou lewe gekry het? Wat het aanleiding gegee dat jy vanuit die donker put uitgelig is? Hoe het dit gebeur? Hierdie fase is gewoonlik die fase van nuwe perspektiewe. Het jy enige nuwe perspektiewe gekry? Watter taal het nou deel van jou lewe geword? Is daar mense wat weet van hierdie verandering in jou lewe?

'n Baie goeie voorbeeld van 'n psalm van re-oriëntasie is Psalm 30.

In watter fase is jy op die oomblik? Is jy tevrede om nou in hierdie plek te wees? Wat leer jy van die ander twee fases as jy nou in hierdie plek is?

Met watter psalm kan jy jou op die oomblik die meeste versoen?

## Waarom moet ons ernstig aandag gee aan hoe die psalms ons in ons verskillende geloofsfases inneem:

* een van die gevaarlikste fases vir christene om hulself in te bevind is wat ons "**easy Christian Spirituality**" kan noem. In Afrikaans praat ons pleinweg van "**pienk teologie**": waar geloof as "romanties" uitgebeeld word. Natuurlik is daar tye wat ons met soveel helderheid uitsprake oor God en die lewe en menswees kan maak; solank ons in ag neem dat daar mense is wat hul self nie in daardie gemaksone bevind nie, en steeds worstel oor hoekom God iets "toelaat".

Ons mag nie vir mense wat sê, "maar dit maak nie meer vir my sin nie", net "afskryf" as ongelowig nie. Ons trek self te maklik die onkruid op die lande uit, om nou Jesus se gelykenis te gebruik. Ons doen dit veral met christene wat ook anders as ons dink met etikette van "dis valse profete", of wat ons ook hulle wil noem.

* Een van die groot realiteite (ontnugterend soms, veral as ons eerlik is), is dat die uitsprake wat ons met soveel sekerheid maak (vanuit ons "veilige plek") baie te make met ons "veilige leefstyle": ons ekonomiese sekerheid; ons leiers wat namens ons baklei, ens. Ons wil in hierdie fase alles hou soos wat ons dit het (want dit is veilig). Hoe erg dit ook al mag wees om te moet erken (en ja, skuldbelydenis moet nog altyd ons geloofskenmerk bly), **ons plekke van veiligheid is baie keer die rede waarom ander s'n onveilig is.** Ons kan baie duidelik – polities in die wêreld – sien hoe sekere mense die "plek van veiligheid" nie meer as veilig beskou nie. Hoe groepe wat "anders as ons is" besig is om ons (gemaklike) wêreld algaande te verander. Dit is gewoonlik ook vanuit hierdie plek dat ons vir kerkleiers (pastore en predikante) wil "inperk" dat hulle nie mag "politiek" preek nie. (Soos iemand onlangs teenoor my noem, "ek word oral gebombardeer oor armoede en haglike omstandighede, die een plek waar ek nie nog skuldig wil voel nie is in die kerk". Die indruk wat baie gelowiges daarmee skep is dat dit "okay" is dat daar soveel ongelykheid is; dis okay as ander hulle fase van disoriëntasie beleef, solank dit ons nie disoriënteer nie. As dit ons idee is, dan verstaan ons nog maar baie baie min van die kruis...

* **die psalms help ons om te groei!** Die psalms help ons om eerlik te wees – veral ook in ons geloofgemeenskap. Ek het onlangs die ervaring in 'n terapiesessie met 'n gesin gehad wat deur soveel probleme gaan, maar wat nie kanssien om dit met hulle geloofgemeenskap te deel nie, vanweë baie geldige redes. Maar dit sê iets van **'n geloof wat mense "onderdruk" tot oneerlikheid**. Die eerlikheid van die psalmdigters weerlê oneerlikheid op alle terreine.

Hier is 'n paar webblaaie wat jy kan besoek om meer te lees oor Walter Brueggemann se bydrae om die psalms te verstaan:

- https://1stpres.com/psalms/ (Aan die onderkant van die bladsy is 'n baie goeie video waarna jy kan luister)
- https://www.internationalministries.org/a-reflection-on-disorientating-events-orientation-disorientation-and-reorientation/
- https://resurrectedliving.wordpress.com/2010/07/05/walter-brueggemann-on-psalms-of-lament-and-vengeance/

As jy sou wou luister, hier is 'n onderhoud wat Krista Tippett met die Walter Brueggemann gevoer het: https://onbeing.org/programs/walter-brueggemann-the-prophetic-imagination-dec2018/

MUSIEK: Besonderse kontemporere psalm in oriëntasie-periode: https://www.jacobswell.ca/blog/the-posture-of-and-yet. Jy kan op Youtube bloot "Jacob's well" tik en daar sal jy verskeie psalms vind wat hulle getoonset het.

**Die laaste hoofstuk in ons kursus "Al Psalmend" word Donderdagoggend, 06:00, 6 Augustus, beskikbaar gestel.**